**DINSDAG 3 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 2:25-40**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 2:36-38**

## Wat maak Anna daar?

In hierdie drie verse leer ’n mens deur Lukas nogal verbasend baie van Anna. ’n Godvresende weduwee. Iets het egter Lukas se aandag getrek toe hy onder die inspirasie van die Heilige Gees sy navorsing gedoen het, en dit moet ook ons aandag trek. Anna kom uit die stam Aser. Van die tien stamme wat die Noordelike Koninkryk van Israel uitgemaak het, lees ons nie weer in die Nuwe Testament nie, behalwe van Aser (wat “gelukkig” beteken) en sy nasaat Anna.

Nadat die tien stamme van die Noordelike Koninkryk in die Assiriese ballingskap weggevoer is, lees jy nooit weer van hulle nie, en wanneer jy wel van hulle lees (soos in Esegiël 48), dan is dit ’n profetiese heenwysing na ’n nuwe heilstyd wat sal aanbreek waarin die twee koninkryke (Noord en Suid) onder een koning verenig sal wees. Verder, teen die tyd van Christus se geboorte, het Israel ’n oënskynlike volksdood gesterf.

Tog is Anna, dogter van Fanuel uit die stam Aser, se teenwoordigheid by die tempel ’n helder lig in die donker doodsgeskiedenis van die Noordelike Koninkryk. ’n Ligstraal wat verkondig dat die liefde van die Here sterker as sy toorn brand (Hos. 11) waardeur Israel in die Assiriese ballingskap weggevoer is.

Anna is ’n profetes … ’n profetes wat lewe uit die dood verkondig. ’n Profetes wat verkondig dat die heilige liefde van die Here sy heilige toorn laat bedaar.

Sy heilige toorn is deur heilige liefde tot bedaring gebring toe daardie Kindjie waaroor sy die Here gedank het, sy lewe aan die kruis van Golgota gegee het sodat daar vir jou en my uit ons sondedoodsbestaan deur Hom en die werking van die Heilige Gees nuwe lewe gegee word. Nuwe lewe wat ons in ware geloof toe-eien.

En omdat jy deur Hom die lewe tot in ewigheid ontvang het, mag jy ook in daardie uitsiglose omstandighede van jou lewe hoop hê: waar daar geen hoop vir die Noordelike Koninkryk meer was nie, het God in sy brandende liefde nuwe lewe gegee. Daarvan is Anna ’n profetes. Luister na haar.

*Sing: Psalm 42-1:1, 4, 5*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*